MUNISIPALITEIT BEAUFORT-WES

Kennisgewing nr 108/2008

AANVULLENDE WAARDASIELYS VIR DIE 2007/2008 BOEKJAAR

Kennis word hierby ingevolge Artikel 20 van die Ordonnansie op Eiendomswaardering, 1993 soos gewysig saamgelees met Artikel 18(4) van die voormelde Ordonnansie, gegee dat die aanvullende waardasielys vir die 2007/2008 boekjaar ten opsigte van eiendomme binne die plaaslike owerheidsgebied waarvoor dit opgestel is finaal en bindend is vir alle betrokke persone soos in Artikel 20 saamgelees met Artikel 18(3) van die Ordonnansie beoog.

U aandag word egter gevestig op Artikel 22 van die genoemde Ordonnansie wat soos volg bepaal:-

" Appèl teen beslissing van waardasieraad.

22(1)(a) 'n Beswaarmaker wat veronreg voel deur 'n beslissing van 'n waardasieraad kan binne dertig dae vanaf die datum van publikasie in die pers van die kennisgewing in Artikel 18(4)(a) bedoel of, waar die bepalings van Artikel 18(5) van toepassing is, binne een-en-twintig dae na die dag waarop die redes daarin bedoel aan sodanige beswaarmaker gestuur is, teen so 'n beslissing na 'n waardasie appèlraad appelleer deur by die sekretaris van die waardasieraad 'n kennisgewing van appèl op die voorgeskrewe wyse en ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedure in te dien.

(b) Die sekretaris in paragraaf (1) bedoel, stuur onverwyld 'n afskrif van die betrokke kennisgewing van appèl aan die waardeerder en aan die betrokke plaaslike owerheid.

(2) 'n Plaaslike owerheid wat nie 'n beswaarmaker is nie, kan teen enige beslissing van 'n waardasieraad appèl aanteken op die wyse in subartikel (1) bedoel."

'n Vorm vir kennisgewing van appèl kan van die sekretaris van die waardasieraad verkry word.

Munisipale Kantoor
Donkinstraat 112/ Privaatsak 582
BEAUFORT-WES
6970

P. de V. Strümpher
Sekretaris : Waardasieraad

[5/3/1]

BEAUFORT WEST MUNICIPALITY

Notice no 108/2008

ADDITIONAL VALUATION ROLL FOR THE 2007/2008 FINANCIAL YEAR

Notice is hereby given in terms of Section 20 of the Property Valuation Ordinance, 1993, as amended read together with Section 18(4) of the same, that the additional valuation roll for the 2007/2008 financial year of all properties within the local authority area for which such roll were prepared is final and binding on all persons concerned as contemplated in Section 20 read together with Section 18(3) of the Ordinance.

However, your attention is drawn to Section 22 of the said Ordinance, which provides as follows:-

" Appeal against decision of valuation board.

22(1)(a) An objector who feels aggrieved by a decision of a valuation board may, within thirty days of the date of publication in the press of the notice referred to in Section 18(4(a) or, where the provisions of Section 18(5) are applicable, within twenty-one days after the day on which the reasons referred to therein, were sent to such objector, appeal against such decision to a valuation appeal board by lodging with the secretary of the valuation board a notice of appeal in the manner and in accordance with the procedure prescribed.

(b) The secretary referred to in paragraph (a) shall forthwith forward a copy of the notice of appeal concerned to the valuer and to the local authority concerned.

(2) A local authority which is not an objector may appeal against any decision of a valuation board in the manner referred to in subsection (1)."

Municipal Office
112 Donkin Street / Private Bag 582
BEAUFORT WEST
6970

P. de V. Strümpher
Secretary : Valuation Board

[5/3/1]